| | | |
|---|---|---|
| 1. | **BYWONING**<br>A. vd Westhuizen (AvdW) 083 627 6417<br>T. Coetzee (TC) 082 788 2152<br>O. Nieuwoud (ON) 027 531 1054<br>H. Schreuder (HS) 082 413 7384<br>D. Klaase (DK) 027 652 1156<br>H. Pauls (HP) ------------------<br>W.B Hendriks (WH) 073 330 1872<br>J. Cloete (JC) 027 852 098<br>L.B vd Haar (LH) 076 453 8541<br>M. Dreyer (MD) 027 531 1043<br>G. Nel (DN) 082 874 1910<br>V. Donaldson (VD) 082 432 1083<br>I. Aukamp (IA) 082 828 0668<br>J. Geering (JG) 083 632 7663 | |
| 2. | **VERWELKOMING**<br>G. Nel (GN) het almal by die vergadering verwelkom. | **TERUGVOER** |
| 3. | **INLEIDING TOT DIE VERGADERING**<br>GN het agtergrond inligting rakande die voorgestelde projek, asook die deelname van die belanghebbende partye in die vergadering verduidelik.<br>Daar is aan die vergadering gevra waar die mees geskikte plekke vir die plasing van verslae vir hersiening sal wees.<br><br>PowerPoint voorlegging deur GN en J.Geering (JG). Aangeheg as bylaag. | Biblioteke<br>Poskantore<br>Gemeenskaps inligting sentrums |

| 4. | PUBLIEKE TERUGVOER | REAKSIE |
|---|---|---|
| 4.1. | T. Coetzee (TC) het gevra of 'n boer wetlig verplig kan word om sy grond af te teken. | GN het aangedui dat niemand gedwing kan word om grond vir die serwituut af te staan nie. 'n Onafhanklike grondwaardeerder word uitgestuur om die waarde van die grond te bepaal en die vergoeding is gelykstaande aan die huidige markwaarde. |
| 4.2. | TC het navraag gedoen oor die beskikbaarheid van werk vir lede van die geaffekteerde gemeenskappe. | GN het verduidelik dat die werk baie gespesialiseerd is en die meeste van die werk deur kontrakteurs gedoen moet word. Hy het versoek dat die gemeenskap 'n lys van plaaslike kontrakteurs en vaardighede saamstel. Een van die vereistes wat aan die kontrakteurs gestel word, is dat 'n sekere persentasie van die werkers plaaslik moet wees.<br><br>JG het bygevoeg dat daar verskeie geleenthede vir ekonomiese groei deur die projek beskikbaar gestel gaan word. Eskom kan egter nie beloftes van werksverskaffing maak nie, maar onderneem om in die kontrakte van die kontrakteurs die gebruik van 'n sekere presentasie plaaslike arbeid 'n vereiste te maak. |
| 4.3. | H. Schreuder (HS) wou weet of die toegangspaaie deurlopend of net na die pale toe sal wees. | JG het aangedui dat daar 'n pad onder die lyn moet wees vir inspeksie doeleindes, aangesien 'n lyn ten minste een maal per jaar inspekteer moet word. Dit hoef egter nie 'n formele pad te wees nie, en is gewoonlik sommer net 'n twee spoor pad. |

| | | |
|---|---|---|
| 4.4. | HS het gevra of die torings omhein gaan word. | JG het gesê dat die torings glad nie omhein word nie. Daar word wel 'n struktuur op die toring geplaas om te verhoed dat mense op die toring kan klim. Die torings word ongeveer 450 tot 500 m van mekaar geplaas. |
| 4.5. | HS het navraag gedoen oor Eskom se toekoms en visie ook bestaande kleiner netwerke. | JG het aangedui dat hy ongelukkig nie die vraag kan beantwoord nie, aangesien die kleiner netwerke die verantwoordelikheid van Eskom Distribusie is. Hy het onderneem om die inligting wat aan hom by die vergadering verskaf is terug te neem na Eskom Distribusie. |
| 4.6. | W. Hendriks (WH) het aangedui dat hy klein besighede verteenwoordig, en graag die belangrikheid daarvan om die plaaslike gemeenskap te bevoordeel, wil beklemtoon. Hy het ook versoek dat die Uitgebreide Publieke Werke Program wat fokus op arbeidsintensiewe werksverskaffing in hierdie projek afgedwing moet word. Werkers wat in diens gestel word moet minimum lone betaal word. Hy het verder navraag gedoen oor die tipe werk wat beskikbaar sal wees. | GN het versoek dat die gemeenskap aan Eskom moet aandui watter tipe vaardighede in die gemeenskap beskikbaar is. Dit kan dan gebruik word om 'n databasis saam te stel wat aan Eskom en sy kontrakteurs verskaf kan word. |
| 4.7. | WH het versoek dat plaaslike mense ook betrokke moet wees by die monitering van die projek. | I. Aucamp (IA) het verduidelik dat daar gewoonlik aanbeveel word dat 'n Gemeenskap Skakeling Kommittee (of Gemeenskap Forum) gestig word, wat dan bestaan uit lede van die gemeenskap en Eskom. Dit is belangrik dat die gemeenskap eienaarskap van die projek neem aangesien dit 'n twee-rigting proses is. |

| | | |
|---|---|---|
| 4.8. | TC het navraag gedoen oor die moontlikheid dat boere krag van die lyn af kan kry. | GN het verduidelik dat dit 'n transmissie lyn is en dat die doel van die lyn nie is om krag te versprei nie, maar slegs om dit te vervoer.<br><br>JG het bygevoeg dat Eskom in die Karoo probeer het om krag te verskaf van so 'n lyn af, maar dit was onsuksevol. Daar is egter self-help skemas waarvan die boere gebruik kan maak, en wat heelwat goedkoper uitwerk as wanneer Eskom dit vir hulle bou. Hy het onderneem om die boere met die regte mense in verbinding te laat tree. |
| 4.9. | HS het die gehoor se aandag daarop gevestig dat Eskom nie die lyn by 'n boer koop as hy dit gebou het nie. Hulle onderhou wel die lyn, maar die boer word nie daarvoor betaal nie. | JG het dit bevestig. |
| 4.10. | M.Dreyer (MD) het aangedui dat die boere baie probleme met Eskom ervaar, en dat as sy nie krag kry nie die lyn beslis nie oor haar grond mag loop nie.<br><br>O. Nieuwoudt (ON) wou weet indien daar ontwikkeling by die Groenrivier mond sou pllaasvind, waar hulle krag vandaan sou kry. | JG het aangedui dat die selfde lyn wat Garies van krag voorsien gebruik sal word, en dit nie van die Kudu kraglyn af sal kom nie. |
| 4.11. | ON het genoem dat boere na die vergadering gekom het omdat hulle onder die indruk was dat hulle van krag voorsien sal word deur die projek. | JG het bevestig dat die enigste voordeel wat boere tans uit die projek kan trek is die vergoed vir die waarde van die grond waaroor die Eskom serwituut sal loop. |
| 4.12. | ON het die boere se behoefte aan krag benadruk. | Kennis is geneem |

| | | |
|---|---|---|
| 4.13. | A. van der Westhuizen (AvdW) het die konsultante in kennis gestel dat 'n nuwe natuur reservaat by Luiperdskop (Ratelgat) geproglameer gaan word. Die proses is reeds van stapel gestuur. Goeie kaarte van die omgewing kan by die Departement van Waterwese gekry word. | GN het aangedui dat verdure vergaderings met die betrokke mense van SANParks, asook die Knersvlakte Biosfeer gereël sal word. Tydens hierdie vergadering sal aangewese posisie van die voorgestelde lyn bespreek word. |
| 5. | **AFSLUITING**<br>GN het gevra of daar enige verdere vrae is. Nadat daar 'n aanduiding gegee is dat daar geen verdere vrae was nie, is die vergadering verdaag. | |